# KORINGBERG 2026

| ROETE: | Op Kobus se plaas. | DATUM: | 06 Junie 2026 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Op 'n baie koue Saterdag, maar met die mooiste sonsopkoms, het 13 stappers die staproete begin om bo-op Koringberg in die Swartland te kan staan. Ons het flink die pad gevat na Klein-Swartberg en vandaar die klim begin. Die dag het in 'n perfekte windstil helder sonskyndag ontwikkel en ons kon baie ver sien. Kobus, die eienaar van die plaas, het saamgestap en baie interessante inligting gedeel oor die omgewing. Dit is die laaste oorblywende deel van die Rhenosterveld, en tot dusver darem nog ongeskonde. Navorsers het aan die Suide-kant 'n nuwe spesie skoenlapper ontdek, en bo het hulle 'n blommetjie gekry wat almal al gedink het uitgeroei is. Amper bo kon ons Tafelberg al baie duidelik sien, asook in die baie verte die see en verskeie dorpe. Bo het ons 'n blaaskans geneem. Onder kon ons die dorp Koringberg sien lê,met koring varieteite as straatname, en met al die groen koringlande rondom. In die verte kon ons verskeie bergreekse sien, wat Kobus vir ons die name van uitgelig het. Ons het nog 'n paar km geklim, en halfpad 'n wyle by die lapa vertoef om bietjie versterkings in te neem vir die res van die stap. Ons het met 'n baie klipperige paadjie begin afdaal na 'n nekkie, en toe 'n steil paadjie af tot heel onder, waar ons ook vertoef het by Albert se vakansie huisie, Onbekend. Daarna het ons so amper 'n km al langs die koring, en nie in die koring nie moes loop om by ons volgende ruspunt uit te kom. Ons het heerlik op die groen gras gesit en tee gedrink. Hierna het ons die orige 5 km in lieflike weer gestap na waar ons karre geparkeer is. Langspad het Kobus het ons vertel van die Rooikatte wat baie pla omdat hul habitat, die berg area, teenaan is. As hulle egter geleer het om Tarentale en ander voels en klein diertjies te vang as hoof voedselbron, vang hulle nie lammers nie. Die was 'n heerlike ontspanne 14 km stap.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Esther Warnich | 122/2026 | 14 | 462 | |
| Magda le Roux | 124/2026 | 14 | 462 | |
| Elza Geldenhuys | 115/2026 | 14 | 462 | |
| Belinda Miller | 191/2026 | 14 | 462 | |
| Arie van Eck | 148/2026 | 14 | 462 | |
| Arina van Eck | 147/2026 | 14 | 462 | |
| Beulagh Keulder | 051/2026 | 14 | 462 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 14 | 462 | |
| Brenda Sideratos | 071/2026 | 14 | 462 | |
| Werner Booyens | 072/2026 | 14 | 462 | |
| Jeanette Kriel | 163/2026 | 14 | 462 | |
| Kobus Dippenaar | Nie-lid | 14 | 462 | |
| Eddie | Nie-lid | 14 | 462 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **182** | **6006** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Esther Warnich |
|---|---|